

# Die Handeling van die Apostels: Petrus en die heidense hoofman Kornelius (Hand 10:1-48) Ananias se visioen (Hand 10:1-8) – Francois Malan

10:1

Die laaste woord waarmee Lukas hoofstuk 8 afsluit het was Sesarea. Nou tel

Lukas die draad van sy verhaal op in Sesarea, die stad wat Herodes die Grote

van 25-13 v.C. herbou het van 'n klein dorpie tot 'n pragtige stad om vir

Palestina 'n grootse hawe aan die Middellandse See te bou en om keiser Augustus

te vereer. Die goewerneurs wat die keiser oor Palestina aangestel het (soos bv.

Pilatus), het in die keiserlike paleis gebly en dit was ook die hoofkwartier

van die Romeinse garnisoen. 'n Man genaamd **Kornelius** was 'n Romeinse

offisier in Sesarea.

Hy was die bevelvoerder oor 'n

afdeling van 100 soldate (*hekatontarg*) in Sesarea se Italiaanse kohort

(kohort is 'n afdeling Romeinse soldate wat gewoonlik uit 600 soldate bestaan

het, 'n tiende van 'n legioen van 6 000).

10:2 Kornelius saam met sy hele huisgesin (wat sy familie en ook sy slawe ingesluit het, vgl. 10:7) was toegewyde (*eusebês vroom*) '**Godvresendes**' (*foboumenoi ton Theon*, Hand 13:16; vgl. ook *sebomai ton Theon* 'om God te vereer' in Hand 16:14). Godvresendes was heidene wat teleurgesteld geraak het in hulle afgode en heidense lewenswyse. Hulle was aangetrek deur die Joodse monoteïsme van een God wat die Skepper van die hemel en die aarde is en die Heer van die hemel. Hulle was ook aangetrek deur die hoë sedelike lewe van die Jode en die Jode se onderlinge verbondenheid. Hulle het egter nie al die wette van die Jode aanvaar (vgl. Hand 15:20) om volledig by die Jode aan te sluit, soos die proseliete wat die proselietedoop en die besnydenis aanvaar het nie (Hand 2:11; 6:5; 13:43. Die godvresendes het innerlik en uiterlik die heidendom gelos en, ten spyte van die verspreide antisemitisme in die Romeinse ryk, noue bande met die sinagoges gehad. Hulle het die Sabbatsdienste bygewoon (Hand 13:16,26) en bedevaarte na Jerusalem onderneem, soos die hofdienaar van Ethiopië (Hand 8:27). Soos hy, het die godvresendes die Griekse vertaling van die Ou Testament gebruik. Hulle is vir die evangelie goed voorberei deur hulle kennis van die Ou Testament en het die kern van die gemeentes gevorm wat deur Paulus op sy sendingreise gestig is (vgl. ook Hand 2:5). Kornelius het baie aalmoese aan die (Joodse) volk gegee

(vgl. Matt 6:2-4) en gereeld tot God gebid met die Joodse gebedstye (Hand 10:30).

10:3 Tydens die Joodse tyd vir die aandoffer en aangebed (vgl. Hand 3:1), teen ongeveer die negende uur (volgens Westerse tydsbepaling die middag 15:00) het hy duidelik in 'n **visioen** 'n engel/boodsAPPER van God sien inkom na hom toe, wat sê: 'Kornelius!' Gedurende die tyd waarin jy tot God bid, kom die Here na hom (Kornelius) toe deur 'n engel met 'n boodskap. Dit geskied in die helder lig van die middag om alle vergissing uit die weg te ruim en hy die engel duidelik kon sien.

10:4 Soos die apostels stip na die hemel bly kyk het met Jesus se hemelvaart en die twee mans in wit klere meteens by hulle gestaan het (Hand 1:10, *atenízō* stip kyk), kyk Kornelius stip na die engel en vra verskrik: 'Wat is dit, meneer?' (*kúrios* word gebruik as beleefde aanspreek van jou meerdere as meneer, of van 'n regeerder as heer, of deur 'n slaaf teenoor sy eenaar as my heer, of tot God en Christus as Here). Kornelius vra eintlik na die rede waarvoor die engel na hom toe gekom het. Daarop antwoord die engel dat wat hy in gebed van die Here gevra het, en sy aalmoese wat hy aan armes gegee het, opgestyg het (*anabaínō* opstyg of groei) **tot 'n gedenkteken voor God**. God het sy

gebede en sy gawes aan die armes met goedkeuring aangeneem en dink met vreugde aan Kornelius. Gedenkteken (*mnênósunon* 'n herinneringsteken, soos Maria se salwing van Jesus in Matt 26:13/Mark 14:9). Die Septuaginta het Lev 2:2,9,16 se 'simbool van die hele offer' vertaal as 'n 'gedenkteken van die gewyde gawe,' wat 'n voorloper is van die gedenkteken voor God van Kornelius se aandoffer op die Joodse uur van die aandgebed (vgl. Openb 5:8 se goue bak met die gebede van die heiliges voor die troon van God). Die heidense Romeinse soldaat Kornelius se toewyding aan die Jode se Skepper-God en aan sy arm medemense is duidelik die werk van die Heilige Gees wat hom voorberei vir sy geloof in Jesus as die Jode se verwagte Messias, soos die hofamptenaar wat die lang pad uit Afrika na Jerusalem gereis het in sy soeke na die wil van die Here. Jesus het gesê: 'Die koninkryk van die hemele is soos 'n handelaar op soek na goeie pêrels...' (Matt 13:44).

10:5 'En nou (met klem voorop in die sin), stuur mans na Joppe om 'n sekere **Simon wat Petrus** ('rots' Joh 1:42) **genoem word**, te gaan haal en te bring' (*metapêmpomai* se betekenis en werkwoordsvorm sluit 'gaan haal en bring' in). Uit die besonderhede van die omskrywing van Petrus blyk dit dat Kornelius nog niks van hom of van Jesus gehoor het nie en dat die gemeente in Sesarea

nog nie 'n  
heiden in hulle geledere opgeneem het nie.

10:6 Tot die adres, in 'n huis langs  
die see,' waar hulle Petrus sal vind, word beskryf; ook dat  
Petrus as gas daar  
ontvang word (*ksenízetai* as gas ontvang) om te bevestig dat  
Kornelius  
niks van Petrus of sy omstandighede geweet het nie. In die  
geloof moet hy, in  
opdrag van die Here, 'n wildvreemde man laat haal. **Simon die  
leerlooier**  
se ambag sal hom onderskei van Simon Petrus wat tydelik by die  
leerlooier as  
gas oorbly. Daarom moet die mans dadelik vertrek, voordat  
Petrus die adres  
verlaat. Maar oor die doel van wat Petrus moet kom doen, bly  
Kornelius in die  
duister as toets vir sy gehoorsaamheid aan die opdrag van die  
Here.

10:7 Na die engel wat met hom gepraat het se vertrek, roep hy  
twee van sy persoonlike slawe (*oikétai*) en as hulle beskermer  
een van sy persoonlike soldate **wat aan God toegewy gelewe het**  
(*eusébês*). Al drie is sy vertrouelinge en waarskynlik  
godvresendes saam met hom. 10:8 Kornelius vertrou aan hulle al  
die besonderhede toe van wat met hom gebeur het en die opdrag  
wat hy van die engel gekry het. Hy stuur hulle na **Joppe**,  
ongeveer 50 kilometer suid van Sesarea.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)